

ST. PETRUS CHANEL

28 APRIL

(1803-1841)

Hy is uit 'n kleinboer gesin gebore en hoewel hy van kleinsaf priester wou word moes hy noodgedwonge in sy jeug as skaapwagter werk. Uiteindelik word sy droom egter verwerklik en kon hy seminarie toe gaan en in 1827 word hy as priester gewy. Ná etlike jare as parogiepriester sluit hy by die nutgestigte Genootskap van Maria ((Mariste) aan en word hy as sendeling na die Nieu-Hebride-eilande in die Stille Oseaan gestuur. Hy werk baie hard onder die plaaslike bevolking en wen uiteindelik die vertroue van die eiland se hoofman, maar toe dié uitvind dat Vr. Petrus sy seun gedoop en tot die Christelike geloof bekeer het, bars sy woede los. Hy laat Petrus vang en met knuppels doodslaan.